BLOEMFONTEIN BAPTISTE

*Saam groei ons tree vir tree*

# DIE EVANGELIE VAN JOHANNES

# Deel 4 – Oud na Nuut; Water na Wyn

## VRAE VIR BESPREKING:

Werk deur al hierdie vrae VOOR julle Kleingroep byeenkoms. Dit help jou voorberei vir julle byeenkoms sodat julle 'n sinvolle bespreking kan hê. Skryf jou antwoorde neer. Julle gaan nie noodwendig al die vrae bespreek nie en ook nie noodwendig dit in die volgorde hanteer nie.

- **Het jy al 'n wonderwerk beleef? Vertel jou groep daarvan.**
- **Hoe vier jy groot dinge in jou lewe – is jy iemand wat dit saam met baie mense vier of eerder iemand wat iets kleins sal doen? Hoekom is dit so? Vertel jou groep daarvan.**
- **Wat is iets nuuts wat jy geleer het oor Johannes 2:1-12?**

**Lees deur Johannes 14:21; 15:9-14; Psalm 128:1; Lukas 11:28 en beantwoord die volgende vrae:**

- **Watter voordele hou gehoorsaamheid aan God in die algemeen vir ons in?**
- **Hoekom dink jy is gehoorsaamheid aan God nie altyd maklik nie?**
- **Wat noem Jesus ons as ons gehoorsaam is aan Hom?**
- **Waarop wys dit as ons gehoorsaam is?**
- **Wat dink jy is nodig om konstant aan die Here gehoorsaam te wees?**
- **Wat doen jy as dit wat God vra, nie vir jou sin maak nie?**

**Lees deur Openbaring 21:5; 2 Korintiërs 5:17; Esegiël 36:26; Efesiërs 4:23-24 en beantwoord die volgende vrae:**

- **Hoekom dink jy verbeter God nie net iets nie, maar vernuwe dit?**
- **Hoekom wil God iets nuuts in ons ook doen?**
- **Wat dink jy bedoel Paulus met, ons is 'n nuwe skepping in Christus Jesus? Wat is die gevolge daarvan?**
- **Hoekom is dit belangrik om hierdie waarheid in ons harte vas te maak as ons Jesus aangeneem het?**

**Lees deur die volgende verse. Elkeen beskryf 'n voordeel wat die dood of bloed van Jesus vir ons inhou.**

- **Romeine 5:9-10**
- **Efesiërs 1:7**
- **Efesiërs 2:13**
- **Kolossense 1:20**
- **1 Petrus 1:19**
- **1 Petrus 2:24**
- **Hebreërs 10:19**
- **1 Johannes 1:7**
- **Openbaring 1:5**

**Watter een van hierdie spreek die meeste tot jou? Deel dit met jou groep.**

- **Wat is dit wat die Here tans vir jou sê om te doen?**
- **Hoe kan jou groep jou help om gehoorsaam te wees?**

## Gebed en Omgee

*Sluit julle tyd af deur gebedsversoeke met mekaar te deel. Indien iemand in die groep kan uithelp met die behoefte of uitdaging is dit goed. Bid saam vir mekaar en vir mekaar se behoeftes waaraan die groep nie verandering kan bring nie.*

**Jy is welkom om van julle groep se gebedsversoeke neer te skryf sodat jy verder deur die week daaroor kan bid:**

## Neem 'n Volgende Stap

*Hierdie gedeelte is vir na julle groepsbyeenkoms sodat jy in jou eie hart kan vasmaak en gehoorsaam kan wees aan wat die Heilige Gees vir jou in julle bespreking openbaar het. Sit 'n tydjie na julle groepstyd uit sodat jy kan nadink oor julle bespreking en tyd saam.*

**As jy terugdink oor julle groepstyd en julle bespreking, wat het vir jou uitgestaan? Wat verstaan jy beter? Wat kan jy met iemand deel? Waaroor moet jy nog bietjie nadink? Wat ervaar jy druk die Heilige Gees op jou hart om in hierdie week te doen? Neem 'n oomblik en dink na oor julle byeenkoms en skryf iets neer wat jy wil vasmaak in jou eie hart.**